
# 284 Loof God, o Christen, Hy is groot!




Die Heerser volgens hemelreg
verkies by ons ‘n stal,
in die gestalte van ‘n kneg
betree Hy hierdie dal.

Die Christus gaan by sondaars tuis -
hul hoor die blye woord
van wonings in die vaderhuis,
dat hul aan Hom behoort.

Loof Hom, o Christen! Hy is groot,
vir ewig op die troon!
Hy triomfeer oor graf en dood
en ons sal by Hom woon.

Nikolaus Hermann (c.1480-1561)

N. Hermann (c.1480-1561)